AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 1: NASIENRIGLYNE

GRAAD 11

JUNIE 2019

PUNTE: 70 **TYD: 2 UUR**

VRAE: TEKS A

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	BARRET
1.1	Evalueer die geslaagdheid van die woord "Pasop!" in die titel van die skryfstuk. **Dit is geslaagd, want dit dien as waarskuwing vir die leser.** √ **/ Dit trek dadelik die leser se aandag.**√	(1)	5
1.2	Aan wie rig die artikelskrywer die waarskuwing in die titel van die leesstuk? Motiveer jou antwoord. **Aan ouers.**√ **Daar word na "Jou kind" verwys.**√	3 (2)	1
1.3	Waarom lewer Hein Hofmeyr kommentaar in hierdie artikel? Verskaf twee redes. **Hy is 'n kliniese sielkundige**√ **en met 'n spesiale belangstelling in speletjieverslawing.**√	(2)	3
1.4	Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Haal 'n frase aan om jou antwoord te staaf. Slegs seuns sukkel met verslawing aan speletjies. **Onwaar, "meestal seuns, maar meisies ook."**√	(1)	3
1.5	Dink jy Hein Hofmeyr se stelling in paragraaf 4 is subjektief of objektief? Motiveer jou antwoord. **Objektief. Die spreker baseer sy standpunt op feite / bewys sy standpunt met voorbeelde. / Die spreker beskou die situasie neutraal en saaklik en is nie emosioneel betrokke nie.** √	(1)	4
1.6	Gee twee redes waarom meestal tieners en jong volwassenes met speletjie-verslawing gediagnoseer word? **Hulle het minder verantwoordelikhede**√ **en dus meer tyd vir speletjies.**√**/ Hulle portuurgroep speel meer.**√ **(enige twee)**	(2)	1
1.7	Waarin spesialiseer 'n psigiater (paragraaf 5)? **In die menslike psige/geestesteurings.**√	(1)	3

1.8	Wanneer word die speel van rekenaarspeletjies as ‘n verslawing gediagnoseer? **Wanneer iemand hul speletjiesgedrag moeilik beheer en as dit ‘n groter prioriteit is as enigiets anders in hul lewe word.**√	(1)	2
1.9	Gee in jou eie woorde twee negatiewe gevolge en een positiewe gevolg van die speel van rekenaarspeletjies. **Negatief: Hulle isoleer hulself/stel nie meer belang in aktiwiteite wat hul voorheen geniet het nie / is moeg / sukkel om te konsentreer / punte verswak / higiëne verswak / rusteloosheid / geïrriteerdheid.**√√ **(enige twee)** **Positief: Dit kan jou probleemoplossingsvermoë, periferale visie, ruimtelike bewustheid, besluitnemingsvermoë en emosionele regulering verbeter.**√ **(enige een)**	(3)	2
1.10	Som paragraaf 9 in een volsin op. **Speletjies het ook voordele; dit hang van die soort speletjie af.**√	(1)	2
1.11	Wat beteken die onderstreepte uitdrukking in paragraaf 9 oor die algemeen? Wat beteken dit binne die konteks van die leesstuk? **Dit beteken om nie die goeie van ’n saak saam met die slegte te verwerp nie.** √ **In konteks beteken dit dat ’n mens nie rekenaarspeletjies net as sleg moet afmaak nie, daar is ook voordele daaraan.**√	(2)	3
1.12	Watter verband het paragraaf 2 met paragraaf 11? **In paragraaf 11 word daar na probleemgedrag verwys en in paragraaf 2 toon die leerder probleemgedrag.**√	(1)	3
1.13	Is die stelling in paragraaf 10 ‘n feit of ‘n mening? Motiveer jou antwoord. **Dit is ‘n feit, want dit word deur ‘n kundige in die gebied gesê. / Lizl Miller is ‘n kliniese sielkundige.**√	(1)	3
1.14	Wat moet jy as ouer eerste doen wanneer jou kind probleemgedrag toon? **Stel duideliker reëls.**√	(1)	1

VRAE: TEKS A EN B

1.15	Wat is die verband tussen die spotprent (TEKS B) en paragraaf 7 van TEKS A? **In paragraaf 7 word daarna verwys dat verslawing aan speletjies daartoe kan lei dat speletjies 'n groter prioriteit as enige iets anders in jou lewe word.√ In teks B word daar gesien dat speletjies vir die seun belangriker is as die goeie nuus dat hy matriek geslaag het.**√	(2)	3
1.16	Herlees weer die tweede sin paragraaf 8. Stem jy saam met die stelling en hoe kan dit in Teks B waargeneem word? **Ja, daar kan gesien word dat die seun in teks B homself isoleer.**√	(1)	4

VRAE: TEKS B

1.17	Noem twee visuele aanduidings wat daarop dui dat die gesin verheug is. **Almal dans / hulle glimlag / hulle drink sjampanje.√√ (enige twee)**	(2)	2
1.18	Waarom kan hierdie spotprent as ironies beskou word? **'n Mens sou verwag dat 'n matriekleerder bly sal wees om te hoor dat hy/sy geslaag het, MAAR die seun is meer geïnteresseerd in sy rekenaarspeletjie.**	(1)	4
1.19	Hoe raak die goeie nuus die seun in die spotprent? Noem een visuele aanduiding wat jou antwoord steun. **Dit kan hom nie minder pla nie.√ Hy haal nie eers sy oorfone af nie; hy vier nie die goeie nuus saam met sy gesin nie, lê net op sy bed.**√	(2)	2 3
1.20	Is Boeta se taalgebruik in die teks geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. **Ja, jongmense meng hulle taal só.**√	(1)	4
1.21	Hoe sou jy reageer as jy in dieselfde situasie as Boeta was? **Enige geldige antwoord met goeie motivering. Soos bv.** **Ek sou fees gevier het, dit is 'n groot prestasie om matriek te slaag.**√	(1)	5

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ‘n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10
- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie.
  - 1 – 3 feite korrek: ken 1 punt toe.
  - 4 – 5 feite korrek: ken 2 punte toe.
  - 6 – 7 feite korrek: ken 3 punte toe.
- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6 – 7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie.
  - 1 – 5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe.

LET WEL:

- Tel van woorde:
  - Nasieners met die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is nie.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot aan die einde van die sin waarin die 90 woorde voorkom en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

AANHALING UIT TEKS	MOONTLIKE BEWOORDING
1. Voor jy kursusse begin oorweeg, besluit eers wat jy met die taal wil doen. Wil jy net genoeg leer om vakansie in Frankryk te gaan hou en te kan vra…	Besluit wat jou doel is voordat jy ‘n kursus kies.
2. Moenie sommer net die naaste skool kies en vir ‘n kursus inskryf nie. Skole se kursusse word verskillend gestruktureer.	Kies die regte kursus wat die beste vir jou is.
3. Jy moet versigtig wees vir kursusse wat té	Jy moet eers leer om die taal te praat en dan om dit

	veel beloof. Leer eers die taal praat, dan leer jy om dit te skryf…	te skryf.
4.	Doen jou huiswerk. Hoe vinnig jy leer, hang af van hoeveel moeite jy doen.	Doen navorsing en bly gemotiveerd om die taal vinniger te leer.
5.	Gebruik elke moontlike geleentheid om die taal te praat. Hou op om skaam te wees.	Dwing jouself om die taal te praat om sodoende gemakliker daarin te word.
6.	Moenie jou kwel oor jou ouderdom nie. Kinders kan tale soos 'n spons aanleer…	Mense van alle ouderdomme kan 'n nuwe taal aanleer, moenie daaroor bekommerd wees nie.
7.	… die Engelse uitdrukking "use it or lose it" geld. Doen dus ná jou kursus moeite om dit steeds te praat.	Moenie ophou om die taal te praat nie; jy kan dit verleer.

86 woorde

TOTAAL AFDLING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES

VRAAG 3

TEKS D: ADVERTENSIE

3.1	Wat beteken die uitdrukking in raampie 1? **Dit wat jy insit sal jy uitkry. / As jy moeite en tyd in 'n projek insit, sal jy vergoeding/waardering/erkenning daarvoor kry.**√	(1)
3.2	Wat is die intensiewe vorm van groot (raampie 2)? **lewensgroot (een woord)**√	(1)
3.3	Waarom word **SMS** nie met punte geskryf nie?. **Dit is 'n letternaamwoord waarvan elke letter 'n ander woord verteenwoordig – "Short Messaging Service".**√	(1)
3.4	Brei die onderstreepte woord in raampie 2 met 'n bysin uit. Skryf die sin in raampie 2 oor en onderstreep die bysin wat jy ingevoeg het. **Groot op mieliepap, <u>wat baie energie verskaf</u>, nie so groot op pap wiele nie.** √ **(moet 'n gesegde bevat)**	(1)
3.5	Verander die onderstreepte lidwoord in paragraaf 1 na 'n aanwysende voornaamwoord. **dié** √	(1)
3.6	Gee die stellende trap van vergelyking vir die woord "beste" in raampie 3. **goed √**	(1)
3.7	Skryf jou eie twee sinne neer om die verskil in betekenis tussen vir seker en verseker duidelik aan te toon.	

	Ek het jou <u>vir seker</u> lief en daarom vra ek jou om met my te trou.√ **Ek het my eiendom teen brand/diefstal <u>verseker</u> en daarom betaal hulle nou uit.** √	(2)
3.8	Waarom is die gebruik van die woord "pap" so gepas in die advertensie? **Daar word van woordspeling gebruik gemaak. Meer as een betekenis van die woord word gebruik.** √	(1)
3.9	Wat word die onderstreepte s-klank in versekering<u>s</u>kwotasie (raampie 3) genoem?? **Dit is 'n verbindingsklank.** √	(1)

VRAAG 4

TEKS E: STROKIESPRENT

4.1	Wat is die funksie van die beletselteken/ellips in spraakborrel 1? **'n Deel word verswyg sodat dit aan die leser se verbeelding oorgelaat word. / 'n Dramatiese deel word weggelaat om die aandag daarop te fokus. / Die kelner het nog nie haar sin voltooi nie.**√ **(enige een)**	(1)
4.2	Skryf die tweede sin in spraakborrel 1 in die ontkenning. **Ek het nie een trippel-spek vetkoek burger met ekstra sous en kaastjips nie.** √	(1)
4.3	Watter invloed het die invoeging van die **trippel** en **ekstra** op die boodskap van die strokie? **Dit beklemtoon hoeveel seuns eet / dit beklemtoon die kontras tussen die twee bestellings.** √	(1)
4.4	Watter tipe sin is die sin in spraakborrel 2? **Uitroepsin / bevelsin**√	(1)
4.5	Gebruik die kern van "suurlemoenskyf" (spraakborrel 3) as 'n bepaler in 'n nuwe samestelling. **skyfwerp/skyfbaan/skyfgooi/skyfadres**√	(1)
4.6	Sê of die volgende woord 'n afleiding, samestelling of samestellende afleiding is: kaastjips (spraakborrel 1) **samestellende afleiding** √	(1)
4.7	Wat impliseer die ma in spraakborrel 4? **Dat seuns baie eet.** √	(1)
4.8	Verdeel die woord "happie" (spraakborrel 5) in klankgrepe. **ha / (p)pie** √	(1)

4.9	Skryf die sin in raampie 5 in die indirekte rede. **Hy vra of hy 'n happie daarvan kan kry.**	(1)
4.10	Wat is die sinswyse van die sin in raampie 5? **Vraende wyse** √	(1)

VRAAG 5

TEKS F: ARTIKEL

5.1	Skryf die verkleiningsvorm van die onderstreepte woord in paragraaf 1 neer. **dobbelverslawinkie** √	(1)
5.2	Gee EEN woord vir die onderstreepte woorde in paragraaf 2. **daagliks** √	(1)
5.3	Benoem die woordsoort van **drie** in paragraaf 2 volledig. **bepaalde hooftelwoord** √	(1)
5.4	Waarom word "Unisa" in paragraaf 3 met 'n hoofletter geskryf? **Dit is 'n eienaam.** √	(1)
5.5	Gebruik die homofoon van die onderstreepte woord in paragraaf 3 in 'n verhelderende sin. **Hy <u>lei</u> die groep na nuwe hoogtes.** √	(1)
5.6	Gebruik die onvoltooide/teenwoordige deelwoord van "sukkel" (paragraaf 3) in jou eie sin. **Die <u>sukkelende</u> man het uiteindelik die opdrag voltooi.** √	(1)
5.7	In paragraaf 3 is daar 'n spelfout. Skryf eers die woord wat verkeerd gespel is neer en daarna die korrekte woord. Onderstreep die korrekte woord. **depresief – <u>deppresief</u>** √	(1)
5.8	Skryf die voorsetsel wat in paragraaf 4 ontbreek, neer. **aan** √	(1)
5.9	Watter klankverskynsel kom voor wanneer **kinders** (paragraaf 5) as kinners uitgespreek word? **(algehele) assimilasie** √	(1)
5.10	Gee die antoniem vir die onderstreepte woord in paragraaf 6. **ou** √ **(nie oud nie)**	(1)

TOTAAL AFDELING C: 30

GROOTTOTAAL: 70